# BELEID

# DIENS BEËINDIGING

# DIENS BEËINDIGING

## 1. BELEIDSRIGLYN

Dienste van werknemers sal onder die volgende omstandighede beëindig word :

1.1 **Natuurlike aftrede** - d.w.s. wanneer 'n werknemer die natuurlike aftreeouderdom bereik : vroulike werknemers -60, manlike werknemers - 65. Tydens hierdie proses word alle voordele soos voorsorgfonds, uitstaande verlofvoordele en gratifikasies aan die werknemer uitbetaal.

1.2 **Afsterwe** - wanneer 'n werknemer voor aftree ouderdom te sterwe sou kom hetsy weens natuurlike of onnatuurlike oorsake. Alle opgehoopte voordele soos verlof krediet, salaris, bonus en ander versekeringsvoordele soos bv. Voorsorgfonds bydraes (Munisipaliteit bydrae ingesluit) word aan die benoemde naasbestaande van die werknemer uitbetaal.

1.3 **Bedanking** - dié vorm van diensbeëindiging verteenwoordig die kansellering van die dienskontrak deur die werknemer. In die geval word verlof krediete, uitstaande salaris en pro-rata bonus, asook die lid se voorsorgfondsbydrae insluitend die Munisipaliteit bydrae tot die fonds aan hom / haar uit betaal volgens die bepalings van relevante wetgewing.

1.4 **Ontslag** - vind plaas wanneer die werkgewer die dienskontrak weens die werknemer se werkprestasie of gedrag beëindig. Beëindiging van diens vind op een van twee wyses plaas :

★ Beëindiging met kennis - kennis betaling geskied in hierdie geval volgens die diensvoorwaardes en kontrak.

★ Beëindiging sonder kennis of summiere ontslag - sien ook Diensvoorwaardes in terme van betaling van voordele.

1.5 **Ongeskiktheid** - wanneer 'n werknemer weens sy / haar gesondheidstoestand alle beskikbare verlof opgebruik het en daar geen redelike moontlikheid meer bestaan vir die suksesvolle terugkeer na die werkplek nie om bestaande of ander pligte te vervul nie sal die werknemer se dienste beëindig word. Alle voordeel krediete sal aan die werknemer betaal word, asook voordele volgens die voorsorgfonds wat in dié geval van toepassing mag wees. Sien ook Skedule 8 - Kode van Goeie Praktyk.

1.6 **Afdanking** (personeelvermindering) - vind plaas weens bedryfsvereistes en sal volgens die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge hanteer word, asook die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. Hier sal ook die erkenningsooreenkoms met die Vakunie nagekom word. (Sien ook item oor beëindiging van diens met kennisgewing)